


Deel die Goeie Nuus

'n Geloofsraamwerk vir gelowiges
en gemeentes wat wil getuig



In Jesus se voetspore:
'n lewe wat die Goeie Nuus deel



Inleiding

Hierdie boek, *Deel die Goeie Nuus*, is 'n verwerking van die NG Kerk se huidige verstaan van evangelisasie wat as 'n verslag deur die Algemene Sinode (2023) goedgekeur is. Die Raamwerkdokument oor die missionale aard en roeping van die NG Kerk (2013) vorm 'n belangrike agtergrond vir ons verstaan van evangelisasie.

Die bedoeling van hierdie boek is dat ons verstaan van evangelisasie op 'n gemeente-vriendelike wyse beskikbaar is vir gebruik sodat gemeentes lidmate as dissipels toerus en inspireer om die vreugde van die Goeie Nuus te deel.

Op die 1ste bladsy getuig ons hoe ons evangelisasie verstaan. Daarna word hierdie verstaan van evangelisasie verder verpak en uitgebeeld soos volg:

- 1 12 Bybelse uitgangspunte oor hoe ons evangelisasie verstaan;
- 2 Implikasies wat hierdie uitgangspunt vir ons het;
- 3 Moontlike praktyke hoe ons dit prakties kan implementeer.

By elke uitgangspunt is 'n verhaal uit Jesus se lewe gebruik wat verder kreatief verwerk kan word vir gebruik in gemeentes volgens elkeen se behoeftes.

Die volgende is belangrik vir ons verstaan van evangelisasie:

- dat ons geroep is om deel te neem aan die Drie-enige God se beweging van liefde na almal en die skepping;
- dat die goeie nuus die evangelie van Jesus die Here is (die opgestane en gekruisigde Dienskneg-Koning);
- dat evangelisasie en dissipelskap (volgelingen te wees en te maak) onlosmaaklik is;
- dat ons ons veranderde konteks deeglik in ag neem;
- dat verhoudinge met mense en hulle nood belangrik is;
- dat ons met die dienstyl van Jesus uitreik na mense;

- dat ons die goeie nuus op 'n geïntegreerde wyse deel in aansluiting by mense se situasie deur ons teenwoordigheid, daade en woorde.

Ons gebed is dat hierdie boek gemeentes sal help om in ons veranderde konteks, opgewonde te wees om die Goeie Nuus op nuwe kreatiewe wyses onder leiding van die Heilige Gees te deel.

Die Algemene Taakspan Evangelisasie: NG Kerk

Ons getuig

dat die Drie-enige God die Bron van lewe is
wat deur Jesus na die hele skepping vloei.

dat Jesus Christus Here en Koning is,
en dat God se koninkryk reeds aanbreek.

dat Jesus ons roep om Hom te volg,
nie net vandag nie, maar elke dag.

dat elke gelowige 'n getuie is,
en dat God gewone mense gebruik
om die goeie nuus te deel.

dat ons saam een liggaam is, belyn en gestuur
om lig in die wêreld te wees.

dat die goeie nuus gedeel word
deur ons teenwoordigheid, ons dade en ons woorde.

dat Jesus mense innooi in 'n geloofs familie
waar almal welkom is.

dat ons getuig in 'n wêreld wat verander en divers is,
met nederigheid en hoop.


dat ons dien soos Jesus gedien het,
nie vanuit mag nie, maar vanuit liefde.

dat die Heilige Gees ons lei
om met wysheid en deernis by mense aan te sluit.

dat die goeie nuus vir almal is,
vir gelowiges, vervreemdes en soekendes.

dat leiers geroep is om soos die Goeie Herder te lei
en die gemeente toe te rus vir getuienis.

Amen.



Uitgangspunte vir evangelisasie



01 God Drie-Enig – die bron van liefde en lewe

Implikasies »

Gekoppel aan die Bron

Praktyke »

Wees 'n kanaal en 'n medewerker

02 Jesus is Here en Koning

Implikasies »

Jesus regeer oor ons hele lewe

Praktyke »

Aanvaar Sy heerskappy

Leef vanuit Sy heerskappy

03 Nooi mense om Jesus te volg

Implikasies »

Ons is dissipels

Praktyke »

Maak dissipels

Wees diensbaar

04 Almal is getuies

Implikasies »

Die hele gemeente getuig saam

Praktyke »

Leer mense die goeie nuus deel

05 In alles 'n getuie

Implikasies »

Almal, oral, altyd en in alles

Praktyke »

Skep 'n goeie nuus kultuur

Werk in spanne

06 Geïntegreerde getuienis

Implikasies »

Deel die goeie nuus – wees teenwoordig, dien, vertel

Praktyke »

Onderskei deurgaans wat nodig is

07 Nooi mense in die geloofsfamilie in

Implikasies »

Ons is oop vir ander

Praktyke »

Wees gasvry

Nooi ander

08 Die konteks het verander

Implikasies »

Diverse werklikhede

Ons is broos

Praktyke »

Gebruik geleenthede

Waag oor grense

09 'n Jesus-styl

Implikasies »

Vermag magtspesies

Mense en verhoudings is belangrik

Praktyke »

Dien soos Jesus

Bou verhoudings

10 Onderskei saam met die Here

Implikasies »

Geen resepte

Mense en hulle nood is belangrik

Praktyke »

Ontmoet mense in hul werklikhede

Onderskei saam met mense wat en hoe

11 Vir almal, altyd

Implikasies »

Die goeie nuus is vir Christene, vervreemdes, nie-Christene

Praktyke »

Maak van alle mense dissipels

Ondersteun almal om Jesus lewenslank te volg

12 Leiers speel sleutelrol

Implikasies »

Leiers maak erns met die goeie nuus

Praktyke »

Leiers inspireer, begelei en rus mense toe

Uitgangspunte

01

Die Drie-enige God (Vader, Seun, Heilige Gees) is die Bron van ware liefde en lewe wat vloei na die hele skepping.

02

Ons bring die goeie nuus dat Jesus wat gesterf en opgestaan het, die Here en Koning is en dat God regeer!

03

Ons nooi alle mense uit om Jesus te volg (dissipels) en om weer ander saam te nooi.

04

Die hele gemeente deel die goeie nuus saam en persoonlik. Elkeen is 'n getuie.

05

Die hele gemeente word belyn, geïntegreer en gekoördineer om getuie te wees.

06

Ons verstaan evangelisasie geïntegreerd deur ons teenwoordigheid, dade en woorde.

07

Ons nooi in evangelisasie mense om deel van 'n geloofs-familie (dissipelkring) te word.

08

Ons maak erns met ons konteks wat baie verander het en divers is.

09

Die styl van evangelisasie is die diensstyl van Jesus die Dienskneg.

10

In elke situasie onderskei ons volgens die Here se leiding hoe om aan te sluit by mense.

11

Evangelisasie is gerig op almal: Christene, vervreemde mense, en nie-Christene.

12

Gemeenteleiers (veral predikante) speel 'n sleutel rol in gemeentes se getuienis.

Die Drie-enige God (Vader, Seun, Heilige Gees) is die Bron van ware liefde en lewe wat vloei na die hele skepping.

Implikasie

- Ons is deur Jesus gekoppel aan die Bron en is kanale (medewerkers) van God se lewe.
- Evangelisasie hoort in die hart van gemeentes se roeping en bediening (nie op die rand).

Moontlike praktyke

- Maak evangelisasie wesenlik deel van gesprekke in gemeentes oor identiteit en roeping.
- Inspireer mense om kanale van God se vars nuwe lewe te wees.

Ons getuig ... dat die Drie-
enige God die Bron van
lewe is wat deur Jesus na
die hele skepping vloei.



Jesus se doop » Lukas 3:22

"Jy is my geliefde Seun. In jou vind Ek vreugde."

Ons bring die Goeie Nuus dat Jesus die Here en Koning is en dat God regeer!

Implikasie

- Jesus is nie net ons persoonlike Verlosser nie, maar Here en Koning oor die hele lewe.
- Voor Hom sal elke knie buig en elke tong bely dat Jesus Christus die Here is!

Moontlike praktyke

Ons roep mense op om Jesus as die Here te aanvaar en te leef vanuit die werklikheid dat God oor ons hele lewe en die skepping regeer!

Ons getuig ...
dat Jesus Christus
Here en Koning is,
en dat God se koninkryk
reeds aanbreek.



Die opgestane Jesus » Matteus 28:18

"Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde."

Ons nooi alle mense uit om Jesus te volg (dissipels) en om weer ander saam te nooi.

Implikasie

- Ons nooi mense om nie net hemel toe te gaan nie, maar om Jesus daaglik te volg.
- Ons leer mense die avontuur om nuut te leef, diensbaar te wees en ander saam te nooi.

Moontlike praktyke

- Fokus nie net op besluite vir Jesus nie, maar nooi mense om Jesus daaglik te volg.
- Leer mense prakties om Jesus te volg en diensbaar te wees in die gemeenskap.
- Leer mense hoe om ander saam te nooi op die reis.

Ons getuig ... dat Jesus
ons roep om Hom te volg,
nie net vandag nie, maar
elke dag.



Die roeping van die eerste dissipels » Markus 1:17
*"Kom saam met My en Ek sal julle vissers van
mense maak."*

Die hele gemeente deel die goeie nuus saam en persoonlik. Elkeen is 'n getuie.


Implikasie

- Evangelisasie word deur die hele Gemeente gedoen, nie net 'n groepie nie.
- Die saam-wees en saam-deel is belangrik vir ons getuienis in die samelewing.

Moontlike praktyke

- Leer die hele Gemeente dat almal saam en persoonlik getuies is.
- Inspireer en leer die hele gemeente om die goeie nuus te deel en mense saam te nooi om Jesus te volg.
- Gebruik geleenthede om saam te werk met ander om ons eenheid as getuies uit te leef.

Ons getuig ... dat elke
gelowige 'n getuie is,
en dat God gewone mense
gebruik om die goeie
nuus te dra.



Jesus en die vrou by die put » Johannes 4:29

"Kom kyk, hier is 'n man wat my alles vertel het."

Die hele gemeente word belyn, geïntegreer en gekoördineer om getuie te wees.

Implikasie

- Evangelisasie is nie net 'n program vir 'n tyd of vir 'n sekere groep mense nie.
- Evangelisasie is deel van 'n kultuur waar almal hulle geloof spontaan deel.
- Spesifieke programme en opleiding vind plaas vanuit 'n goeie nuuskultuur.

Moontlike praktyke

- Leer mense dat bedieninge wat in silo's funksioneer die getuie nis verswak.
- Skep 'n goeie nuuskultuur en leer mense om hulle geloof spontaan te deel.
- Belyn en integreer die hele gemeente en koördineer bedieninge sodat duplisering uitgeskakel word.

Ons getuig ... dat ons
saam een liggaam is, belyn
en gestuur om lig in die
wêreld te wees.



Die liggaamsbeeld » Matteus 5:14

"Julle is die lig van die wêreld."

Ons verstaan evangelisasie geïntegreerd deur ons teenwoordigheid, dade en woorde.


Implikasie

- Die skeiding tussen woorde en dade is nie Bybels nie.
- Ons teenwoordigheid, dade (optrede), en woorde kan nie geskei word nie.
- Ons onderskei in elke situasie saam met die Heilige Gees wat gepas is.

Moontlike praktyke

- Korrigeer die skeiding tussen woorde en dade, en integreer dit doelbewus.
- Leer mense om in spesifieke situasies te onderskei hoe om by die Here se werk aan te sluit deur hulle teenwoordigheid, dade en woorde.

Ons getuig ... dat die
goeie nuus geleef word
deur ons teenwoordigheid,
ons dade en ons woorde.



Jesus voed die skare en leer hulle » Markus 6:34
"Hy het hulle baie dinge geleer."

Deel van evangelisasie is om mense te nooi om deel van 'n geloofsfamilie te word.

Implikasie

- Die besluit om Jesus te volg, is nie los van 'n geloofsfamilie nie.
- Mense word genooi om saam met 'n geloofsfamilie vir Koning Jesus te volg.

Moontlike praktyke

- Inspireer mense om ander saam te nooi om saam met die geloofsfamilie, Jesus te volg.
- Nooi mense om saam by dienswerk in die gemeenskap betrokke te raak.
- Skep 'n gasvryheidskultuur in die Gemeente waar alle mense welkom voel en tuis kom.

Ons getuig ...
dat Jesus mense
innooi in
'n geloofsfamilie
waar almal
welkom is.



Jesus en Saggeus » Lukas 19:9

*"Vandag het daar redding vir
hierdie huis gekom."*

Ons konteks het baie verander en is divers: Christene is deel van 'n groter geheel.

Implikasie

- Christene is nie meer in beheer nie en baie kere op die rand van die samelewing.
- Evangelisasie gaan nie oor posisies nie, maar om nederig en getrou ons roeping uit te leef.

Moontlike praktyke

- Maak lidmate bewus van die skuiwe wat plaasgevind het in die samelewing.
- Help lidmate om nie bedreigd te voel nie, maar om geleenthede te gebruik om te dien.
- Leer mense om in 'n diverse situasie van ander kulture en godsdienste, getuies te wees.

Ons getuig ... dat ons
getuig in 'n wêreld wat
verander en divers is, met
nederigheid en hoop.



Die Kanaänitiese vrou se geloof » Matteus 15:28
"Jou geloof is groot."

Die styl van evangelisasie is die diensstyl van Jesus die Dienskneg.


Implikasie

- Ons werk nie vanuit 'n magsposisie van bo af nie.
Ons dien soos Jesus.
- Ons bou verhoudinge met mense en dien hulle met liefde,
respek en menswaardigheid.

Moontlike praktyke

- Help mense om magsposisies te vermy en leer hulle om
te dien soos Jesus.
- Leer mense om verhoudinge met mense te bou en
geloofsgesprekke te voer.

Ons getuig ... dat ons
dien soos Jesus gedien het,
nie vanuit mag nie, maar
vanuit liefde.



Jesus was die dissipels se voete » Johannes 13:14
"Ek het julle 'n voorbeeld gestel."

In elke situasie onderskei ons volgens die Here se leiding hoe om aan te sluit by mense.

Implikasie:

- Maak erns met die situasie/konteks van die nood van mense en die gemeenskap.
- Sluit by mense en die situasie aan en onderskei hoe die Here se liefde uitgeleef word.

Moontlike praktyke:

- Evangelisasie gaan nie net oor getalle mense wat "bekeer" word nie.
- Leer mense hoe om met deernis by mense se situasies en die gemeenskap aan te sluit en te onderskei hoe om die goeie nuus geloofwaardig en getrou te deel.

Ons getuig ... dat die
Heilige Gees ons lei om
met wysheid en deernis by
mense aan te sluit.



Jesus by die vrou wat owerspel gepleeg het »
Johannes 8:7

"Laat dié een wat sonder sonde is, eerste gooi."

Evangelisasie is gerig op almal: Christene, vervreemde mense, en nie-Christene.


Implikasie:

- Ons het die voorreg en verantwoordelikheid om die goeie nuus met almal te deel.
- Ons nooi en ondersteun alle mense om Jesus lewenslank te volg.

Moontlike praktyke

- Leer mense hoe om dissipels te maak van alle mense wat oor hulle pad kom.
- Leer mense om die goeie nuus in oop gesprekke op gepaste wyse en tye te deel.

Ons getuig ... dat die
goeie nuus vir almal is —
vir gelowiges, vervreemdes
en soekendes.



Jesus en kinders » Markus 10:14

"Laat die kindertjies na My toe kom."

Gemeenteleiers (veral predikante) speel 'n sleutelrol in gemeentes se getuienis.

Implikasie

- Leiers speel 'n sleutelrol om gemeentes te begelei om erns met evangelisasie te maak.
- Gemeenteleiers besef hulle rol om gemeentes te inspireer, te begelei en toe te rus.

Moontlike praktyke

- Begelei gemeenteleiers en veral predikante om hulle sleutelrol in evangelisasie te ontdek en uit te leef.
- Gemeenteleiers maak gebruik van geleenthede om gemeentes te begelei en toe te rus.

Ons getuig ... dat leiers
geroep is om soos
die Goeie Herder te lei en
die gemeente toe te rus
vir getuienis.



Jesus as die goeie herder »
Johannes 10:11

"Ek is die goeie herder."



MEDEWERKERS

Noordelike Sinode
Dr. Frikkie Coetzee
(Voorsitter)

Oostelike Sinode
Ds. Nico Swart

Wes-Kaap
Ds. Jan Grobbelaar

Noord-Kaap
Ds. Neels Loots

KZN
Ds. Leon Forsman

Vrystaat
Ds. Joe Muller

Goudland
Ds. Johan van Zyl

Hoëveld
Ds. Dirk Human

Oos Kaap
Ds. Eldré Bester

Kundige lede
Prof. Hannes Knoetze
Prof. Malan Nel
Dr. Lourens Bosman
Dr. Roedolf Botha

**Missionale
Diakonaat en
Algemene
Sekretaris**
Dr. Nioma Venter

Namibië
Dr. Eddie Turner

Illustrasies
Nico Simpson



**'n Verwerking
van die NG Kerk
se verstaan van
evangelisasie –
ontwikkel deur die
Algemene Taakspan
vir Evangelisasie
en aanvaar by die
Algemene Sinode
2023.**